


## **KUNSUITSTALLING / ART EXHIBITION**

**FACULTY OF VETERINARY SCIENCE  
FAKULTEIT VEEARTSENYKUNDE**

**FACULTY DAY / FAKULTEITS DAG**



Universiteit van Pretoria

## **SKONE KUNSTE / FINE ARTS**

### **DE BOOM, Marcella**

Gebore te Pretoria in 1947, sy het haar kinderjare op Onderstepoort deurgebring, waarna sy haar BA(BK) aan die Universiteit van Pretoria in 1966 verwerf het. Verskeie eenmanuitstallings (waterverf en akrielverf) het daarna landwyd verskyn. Sy is getroud met 'n vecarts, Dr Hampie van Staden, het twee kinders en woon in die Vaalwater omgewing.

### **HESS, Andre**

Born in Athlone, Cape. First coloured graduate from this Faculty (1985). He studied pottery under Barry Douglas, David May and Birgit Schrumpf. Following participation at the 1987 National Ceramics Exhibition, three pots were bought by the National Galery for their collection.

### **PULLINGER, Leonie**

Leonie was born in Johannesburg in 1951. After studying architecture through International correspondence school and commercial art through Union Correspondence college, she attended informal workshops on printmaking by Phillipa Kohly. She held several one-person exhibitions and also participated in several group exhibitions. Her techniques include watercolours, acrylics, mixed media, collage and illustrations. She is married to Dr. Pat Pullinger.

### **SWANEPOEL, Nicolene**

Nicolene is in 1962 te Van der Bijlpark gebore. Sy verwerf haar BA(BK) (UP) in 1983. Daarna neem sy deel aan groepuitstallings en stal uit by S.A.Kunsvereniging in 1986. Haar werk is gekeur vir Atelieruitstalling van S.A.Kunsvereniging in 1987. Sy werk tans in olie op papier, en is 'n BVSc IV-student.

## **BIO-MEDIESE ILLUSTRASIE / BIO-MEDICAL ILLUSTRATION**

### **BEDFORD, G.P.H.**

He was born in Harley, England in 1891, and studied entomology at the South Eastern Agricultural College at Wye, Kent.

In February 1912, he was appointed as entomologist at Onderstepoort, where he concerned himself mainly with insects, mites and ticks associated with vertebrates.

He published several papers on taxonomy and descriptions of new species. Some of these contained meticulous pen and ink illustrations by himself. He died in January 1938.

### **LAURENCE, Gertrude**

Sy is gebore op 27 September 1916 te Paarl en het groot geword op 'n plaas in die Calvinia distrik. In 1933 matrikuleer sy aan La Rochelle en studeer daarna handelskuns deur I.C.S. Op 1 Augustus 1939 begin sy op Onderstepoort werk as kunstenares. In die vroeë veertiger jare gaan sy saam met Prof. Bisschop na Armoedsvlakte om ovaria te teken vanaf vars organe.

In 1942 verlaat sy Onderstepoort om by die Munt te gaan werk. In 1944 is sy saam met die Rooikruis na Engeland as ambulansbestuurder. In 1946 keer sy terug na Onderstepoort.

Sy was o.a. verantwoordelik vir 'n pragtige versameling wasplante wat in die ou Patologie gebou op Onderstepoort gehuisves word. Sy het heelwat illustrasies vanveral boslike vir Dr Gertrude Theiler gemaak in sowel waterverf as pen en ink.

In 1955 verlaat sy Onderstepoort om haar te kwalifiseer as fisioterapeut.

### **LETTY, Cythna**

Cythna is op 1 Januarie 1895 te Standerton gebore. Sy matrikuleer in 1914 aan Pretoria Girl's High School waarna sy haar loopbaan begin het as kunstenares in 1925 op Onderstepoort waar sy anatomiese, patologiese en mikroskopiese materiaal illustreer. In 1927 word sy oorgeplaas na die Departement Plantkunde waar sy die res van haar loopbaan

as botaniese kunstenares. Haar werk vorm deel van 'n indrukwekkende lys publikasies en is op 17 uitstallings verteenwoordig waarvan ses in die V.S.A. en vier in Brittanje.

In 1975 ontvang sy 'n ere-doktersgraad van die Universiteit van die Witwatersrand. In 1980 is sy aangewys as die wenner van die Grenfell Goue Medalje gedurende die uitstalling van die Royal Horticultural Society in London.

Sy is op 3 Mei 1985 op 90-jarige ouderdom oorlede.

### TERZI, Amedeo

He was born in Palermo in 1872. According to himself he was self-taught in painting, modelling, architecture, perspective, lithography and engraving on stone.

He went to England in November, 1900 and joined the staff of the London School of Tropical Medicine in December of the same year.

In 1902 he left the school and started working for the British Museum where he remained for the rest of his working life. While in England he trained in anatomy, zoology, entomology and medical science. As artist, he became well-known and highly considered in the entomological field.

The Veterinary Research Institute possesses 2 illustrations by Terzi, which must have been drawn from the type species in the British museum for Bedford, who used them in a publication on South African ticks in 1934.

He died in 1956.

### WALKER, Clarence Godfrey

Clarence Walker was transferred from the Department of Botany to Onderstepoort during July 1927. Here he made the most meticulous *camera lucida* illustrations of microscopic preparations. Other illustrations include ticks and anatomical specimens.

On the 22nd of May 1940, he was called up for military service and sent to North Africa. He returned to Onderstepoort in January 1945 where he remained for the rest of his working life.

### OLWAGE, Andre

Andre Olwage was op 15 Junie 1961 te Tzaneen gebore en matrikuleer in 1979 aan Grenville High te Rustenburg. Hy voltooi sy diploma in grafiese ontwerp in 1986 aan die Pretoria Technikon.

Vanaf omrent die middel van 1981 begin hy op vryskut-basis illustrasies van bosluise teken vir Dr Jane Walker van die Navorsingsinstituut vir Veeartsenykunde asook kewers vir Professore Scholtz en Holm van UP. Hy is tans besig om illustrasies van 'n verskeidenheid insekte vir Prof. Koos Coetzer van die Fakulteit Veeartsenykunde te maak. Insekte het vir hom so interessant geword dat hy hulle nou as stokperdjie versamel.

Hy is voltyds werksaam by Photra Electronics waar hy opleiding verskaf in grafiese rekenaarswese.

### SEEGERS, Christine

Christine Seegers matrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool, Pretoria en behaal haar BA(BK) aan die Universiteit van Pretoria in 1967. Sy is sedert 1969 werksaam as kunstenares in die Dept. Anatomie van die Fakulteit Veeartsenykunde. Sy bekwaam haarself verder as biomediese illustreerder deur die Anatomie-Histologie kursus vir Veterinêre Verpleegsters met lof te slaag.

Sy illustreer talle wetenskaplike publikasies in buitelandse en plaaslike joernale en proefskefte. Sy inisiéer navorsing oor die behoefté aan opgeleide biomediese illustreerders in Suid-Afrika en oortuig die Dept. Beeldende Kunste van die Universiteit van Pretoria om 'n Meestersgraad in Beeldende Kuns met hooftregtig biomediese illustrasie aan te bied. Sy is tans ingeskryf as student in hierdie kursrigting.

Haar navorsing lei tot die restourasie van waardevolle werke van die biomediese illustrasies van wyle Dr. Cynthna Letty.

Sy doen die grafiese illustrasies vir 4 videos wat deur die Dept. Anatomië vervaardig is tydens 1988. Sy is tans voorsitter van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Illustrerders.